# EFESIËRS

- **Seën in Christus**
- **Die Kerk as Christus se Liggaam**
- **Een Nuwe Mensheid in Hom**



## TEMA VAN EFESIËRS

- **Ons identiteit, eenheid en lewenswandel vloei uit God se genade in Christus.**

**Ef 2:6 *"en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus,"* (OAV 1953).**



**SLEUTEL VERS:**

**Efesiërs 2:8–9**

***"Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;***

***nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie."***

**(OAV 1953).**



## AGTERGROND

- **Skrywer: Paulus**
- **Ef 1:1a** ***"Paulus, 'n apostel van Jesus Christus deur die wil van God"*** **(OAV 1953).**
- **Wanneer: 60–62 n.C.**
- **Van waar af: Gedurende Paulus se eerste Romeinse gevangenskap .**
- **Ef 3:1** ***"Om hierdie rede is ek, Paulus, die gevangene van Christus Jesus vir julle wat heidene is"*** **(OAV 1953).**
- **Aan wie: Gemeente in Efese**
- **Ef 1:1b** **"*aan die heiliges wat in Éfese is, en die gelowiges in Christus Jesus"*** **(OAV 1953).**





# DIE STAD EFESE





- Handelsentrum:
- Afgodery:
- Tempel van Artemis
- Tempels vir verskeie Keisers.
- Asketisme tot Gnostisisme.
- Askete vermy plesier, oorvloed en materiële genietinge om ’n hoër geestelike toestand of reinheid te bereik.
- Gnostisisme:
- ’n Godsdienstige en filosofiese beweging wat in die eerste en tweede eeu n.C. ontstaan het.
- Die kernidee is dat die materiële wêreld gebrekkig of boos is, geskep deur ’n laer goddelike wese (die *Demiurg*).
- Verlossing kom deur gnosis (geheime kennis of insig) wat die mens se ware geestelike oorsprong openbaar.





10°=1°
KETHER
Ipsissimus
8°=3°
BINAH
Magister
Templi
9°=2°
CHOKMAH
Magus
Magician
Fool
Empress 14th
High Priestess
THIRD ORDER
The Veil of the Abyss
Babe of the Abyss
Chariot
18th
Lovers
Emperor
Hierophant
16th
6°=5°
GEBURAH
Adeptus
Major
7°=4°
CHESED
Adeptus
Exemptus
Strength
19th
17th
13th
15th
Justice
22n
Hermit
20th
5°=6°
TIPHERETH
Adeptus
Minor
SECOND ORDER
The Hanged Man
23rd
Wheel of Fortune
21th
Devil
26th
The Veil Paroketh
Death
24th
3°=8°
HOD
Philosophus
4°=7°
NETZACH
Practicus
Tower
27th
Temperence 25th
The Sun
30t
The Star
28th
FIRST ORDER
2°=9°
YESOD
Theoricus
The Angel
The moon
The Universe
32nd
31st
30th
1°=10°
Zelator
0°=0° Neophyte


GNOSTICISM
"The world of matter is evil; spirit alone is good"

## Verse waar Paulus Dwaaleëring regstel

**Efesiërs 1:21–22**

***"Ver bo elke owerheid en gesag en mag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En Hy het alles onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof oor alles aan die gemeente gegee."***

- **Paulus wys dat Christus bo alle sogenaamde geheime magte en okkultiese kragte verhef is.**

**Efesiërs 2:14–15**

***"Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak het en die middelmuur van skeiding afgebreek het, deur in sy vlees die vyandskap, die wet van gebooie in insettinge, te vernietig…"***

- **Hy regstel Judaïstiese dwaalleer deur te beklemtoon dat Christus die wet vervul het en eenheid bring.**

**Efesiërs 3:3–6**

***"…dat Hy deur openbaring aan my die verborgenheid bekend gemaak het… dat die heidene mede-erfgename is en mede-ingelyfdes en mededeelgenote van sy belofte in Christus Jesus deur die evangelie."***

- **Die "geheimenis" is nie esoteriese gnosis nie, maar die evangelie wat vir almal oop is.**

**Efesiërs 4:17–18**

***"Dat julle voortaan nie moet wandel soos die ander heidene ook wandel in die verdwaasheid van hulle gemoed nie, hulle verstand verduister, vervreemd van die lewe van God…"***

- **Paulus wys die dwaalpad van heidense en okkultiese denke uit en roep tot 'n nuwe lewe.**

**Efesiërs 5:11**

***"En hou geen gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer."***

- **'n Direkte afwysing van okkultiese en magiese praktyke wat in Efese algemeen was.**

**Efesiërs 6:12–13**

***"Want ons worstel nie teen vlees en bloed nie, maar teen owerhede, teen magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daarom neem die hele wapenrusting van God op…"***

- **Hy wys dat die stryd geestelik is en dat die gelowige se beskerming in God se wapenrusting lê, nie in geheime kennis of rituele**

# Struktuur van die brief aan die Efesiërs

I. Inleiding 1:1-14

II. Paulus se Gebed vir Geestelike Insig 1:15–23

III. Van Dood na Lewe 2:1–10

IV. Een Nuwe Mensheid 2:11–22

V. Die Geheimenis van Christus 3:1–13

VI. Wandel Waardig 4:1–16

VII. Die Nuwe Lewe in Christus 4:17–5:21

VIII. Christelike Huishoudings 5:22–6:9

IX. Die Wapenrusting van God 6:10–20



## Hoofstuk 1 – Ons posisie in Christus

**Ef. 1:3 – *"Geseënd is die God en Vader van ons Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seën in die hemele in Christus."***

**Boodskap:**

- **Leef elke dag met dankbaarheid en sekerheid dat jy reeds in Christus geseën is.**
- **Onthou dat jy geseën is in Christus en deel van God se plan.**



**Hoofstuk 2 – Van dood na lewe**

**Sleutelvers:**

**Ef. 2:8 – *"Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God."***

**Boodskap:**

- **Vertrou op God se genade, nie op jou eie werke nie.**
- **Vertrou op God se genade en wees nederig, sonder om op jou eie prestasies te roem.**



**Hoofstuk 3 – Die geheimenis van Christus**

**Sleutelvers:**

**Ef. 3:6 – *"Dat die heidene mede-erfgename is en mede-ingelyfdes en mededeelgenote van sy belofte in Christus Jesus deur die evangelie."***

**Boodskap:**

- **Die inklusiwiteit van die evangelie – almal is welkom**.
- **Wees oop en gasvry teenoor ander, ongeag kultuur of agtergrond.**



**Hoofstuk 4 – Wandel waardig**

**Sleutelvers:**

**Ef. 4:3 – *"En beywer julle om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede."***

**Boodskap:**

- **Werk aktief aan vrede en eenheid in jou verhoudings.**
- **Bou vrede en samehorigheid in jou gesin, werkplek en gemeente.**



## Hoofstuk 5 – Die nuwe lewe

**Sleutelvers:**

**Ef. 5:8 – *"Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here; wandel soos kinders van die lig."***

**Boodskap:**

- **Kies reinheid en lig in jou optrede, en vermy dinge wat jou geestelik afbreek.**



<u>**Hoofstuk 6 – Die wapenrusting van God**</u>

<u>**Sleutelvers:**</u>

**Ef. 6:11 – *“Trek die hele wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die versoekings van die duiwel.”***

<u>**Boodskap:**</u>

- **Gebruik gebed, geloof en God se Woord as jou beskerming teen versoekings en geestelike aanvalle.**

